
# 'n Ware vennootskap

***Ronald en Lisa Bester het mekaar by Onderstepoort raakgeloop, verlief geraak en besluit om saam-saam die wêreld aan te pak. Vandag is dié egpaar knap veeartse en boere naby die dorpie Luckhoff in die Suid-Vrystaat.***

**Die pad Bloukoppies toe, die werkplek, erfgrond en tuiste van die Besters, loop suid en stofwit van Luckhoff af in die rigting van die Oranjerivier. Die opstal nestel tussen blou kliprante en welige wintergras. En dit is hier waar** Ronald en Lisa Bester kuiermense met tipiese boeregasvryheid verwelkom.

Ek het Ronald al 'n dag of wat tevore ontmoet, toe hy deel was van die span veeartse wat 'n wakende oog gehou het oor die perde wat aan die Suid-Afrikaanse uithoumarathon naby Fauresmith deelgeneem het. Ek het hom gepols oor die moontlikheid van 'n artikel, maar die man wou nie daarvan hoor nie. Hy was langtand. "Bring eerder jou man en kinders, kom eet by ons en kom kyk my gewere, maar moet net nie iets skryf nie," het hy geprotesteer. Dit het soebat en mooipraat gekos, om die beskeie egpaar te oorreed oor hulself te praat. Dit is dus te verstane dat my afspraak, 'n uitgerekte kuier geword het, dit glad nie soos werk gevoel het nie en dat ons soos ou vriende gegroet het.



**Ronald Bester by 'n deel van sy geweer-versameling uit die Tweede Vryheidsoorlog. Hy spog met die grootste verskeidenheid wapenversameling wat deur die Boere tydens dié oorlog gebruik is. Hier hou hy een van sy gunstelinge, 'n Farquarson,**

Ronald en Lisa, 'n nooi Schoeman uit die Paarl, het mekaar op Onderstepoort ontmoet. Hy, nadat hy 'n landbougraad aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi het, en sy nadat sy al haar oorredingsvermoë moes gebruik om haar ouers te oortuig sy wil niks anders as 'n veearts word nie.

"My oupa was 'n mediese dokter en dit was met sy hulp dat ek my ma en pa oortuig het, dít is wat ek wil doen. Twee dekades gelede was dit gewis nog nie aanvaarbaar vir 'n vrou om 'n loopbaan te hê nie, wat nog te sê om 'n wilde, beseerde perd te versorg of om met 'n koei wat sukkel om te kalf, deurmekaar te wees," vertel Lisa. Maar sy is nie een oomblik spyt oor haar loopbaankeuse nie en is baie dankbaar dat sy vandag die beste van twee wêrelde het.


**ARTIKEL EN FOTO'S DEUR ELNA ROSSOUW**



LINKS EN LINKS ONDER: 'n Veearts is altyd aan diens -- so glo Ronald en Lisa Bester. Ons kuier op Bloukoppies is onderbreek toe 'n bekommerde buurman vir een van sy stoetdiere mediese hulp kom soek het.



ONDER: Op 'n yskoue Vrystaatse oggend in Juliemaand was Ronald deel van die span veeartse wat 'n wakende ogie gehou het oor die perde wat in die omgewing van Fauresmith aan die Suid-Afrikaanse uithourit deelgeneem het.



Sy is ma van vier pragtige dogters, 'n voorslagboervrou vir wie se hande niks verkeerd staan nie en saam met haar man kan sy haar liefde en belangstelling in veeartsenykunde vertroetel.

Lisa hanteer hoofsaaklik hul kleindierpraktyk, terwyl Ron se belangstelling meer by renperde lê en hy soms sover as Kimberley, Jacobsdal, Prieska en Hopetown werk. Maar as daar 'n probleemgeval vir behandeling op Bloukoppies aangemeld word, werk die twee as 'n span saam. Ron heg beslis waarde aan sy vrou se mening as dit by dieregesondheid kom. "En watter wonderliker manier as om jou vrou byderhand te hê as jyself nie seker is van iets nie," lag hy sê-vra.

Ronald het altyd geweet hy sal eendag kom boer. Trouens, sy kinders is die sewende geslag van sy familie op Bloukoppies. "Maar my pa het destyds gesê ek moet eers gaan leer hoe om te boer. En ná my studies by Maties, was ek volgens hom nog nie slim genoeg nie. Nie dat ek omgegee het om by Onderstepoort verder te kon gaan leer nie," glimlag hy.

Of die storie heeltemal waar kan wees, weet ek nie. Die feit dat Ronald self baie lief vir die boeke was, is bewys met die toekenning van die Arnold Theiler-medalje in 1973 aan hom. Hy het daardie jaar die besonderse eer behaal om die eerste student in tien jaar te wees wat die graad B.V.Sc. met lof te slaag.

Na die voltooiing van hul studies, het Ronald die geleentheid gekry om aan die Universiteit van Pennsylvanië nagraads te gaan studeer, 'n bietjie klas te gee en van die Amerikaners te leer.

"Dit was een van die wonderlikste tye van ons lewe. Ons was pas getroud en gretig om nuwe weivelde te ontdek. Lisa kon natuurlik om my onkoste saam," terg hy goedig, "en sy het amper meer ondervinding opgedoen omdat sy 'n bietjie van alles kon doen en by vier navorsingprojekte betrokke was."

Met hul terugkoms in Suid-Afrika het Ronald by een van die grootste



Ronald en Lisa se belangstelling en liefde vir diere lê diep. Hier is die veearts-egpaar saam met hul enigste renperd Super Summer.



Ronald en Lisa Bester en hul vrolike span dogters voor hul opstal in die Luckhoff-distrik. Agter by ma staan Elsa (12) en Nina(9) en voor by pa staan Carin (10) en die driejarige Tanja.

perdepraktyke in die land, naamlik dié van Drs. Baker en Du Preez in Durban, aangesluit. "Dit is hier waar my liefde vir renperde werklik gekoester is," vertel Ron. Lisa, weer, was toe betrokke by die DBV en het as locum waardevolle werk in die Durban-omgewing verrig.

In 1978 het Ronald se pa besluit om die tuig neer te lê en die plaas in die bekwame hande van sy seun te laat.

Met 'n lied in sy hart is Ronald terug Bloukoppies toe en daar kry hy dit vandag reg om 'n veearts-praktyk en 'n spog-boerdery op 'n suksesvolle manier te kombineer.

"Die praktyk bly egter nog my eerste liefde. Ek reël my dinge so dat ek altyd binne anderhalfuur beskikbaar sal wees as daar 'n noodoproep kom. Spreekure reël vir ons vir laat middae en operasietye pas ons by ons daaglikse program in. En as daar regtig 'n krisis is, is een van ons twee altyd beskikbaar," verduidelik Ron.

Die son begin al water trek, Lisa skink weer koffie en bied nog sjokoladekoek en piesangbrood aan. Maar as ek Ronald na sy geweerversameling vra, is dit asof dié man nuwe vuur kry!

Hy kan amptelik spog met die beste en grootste verskeidenheid gewere wat deur die Boere in die Tweede Vryheidsoorlog gebruik is. "Die Krygsmuseum in Bloemfonteinhet miskien 'n groter aantal gewere, maar ek het die grootste versameling wat verskeidenheid betref. Daar is nog net drie soorte gewere kort, dan is my versameling volledig."

Van kleinsaf was Ronald lief vir skietgoed en die belangstelling het geleidelik ontwikkel tot 'n stokperdjie wat vandag heelwat van sy tyd verg. Dit is met trots dat hy die honderdtal gewere aan jou wys en hier en daar 'n staaltjie vertel. Soos dat die Boere, veral die Transvalers, veral lief was om hul name om die houtkolf van die geweer uit te krap en dat sy ma vir hom navorsing gedoen oor elke geweer se herkoms en eienaar.

Vandag is elke geweer in die unieke versameling in 'n puik werkende toestand en laai Ronald self van die outydse patrone. Vra hom na sy gunsteling geweer, en hy wonder 'n bietjie.

"Hoe moet 'n man nou kies as jy vir almal 'n sagte plekkie het?", vra hy. "Dis soos hoe om tussen 'n klomp mooi nooiens te kies," skerts hy. Maar dan haal hy 'n Farquarson van die rak af (dit is ook die geweer wat hy op die foto vashou). "As ek een moet uitsonder sal dit seker dié een wees. Veral omdat ek dit sonder my liewe vrou se toestemming.vir haar varkboerdery geruil het!," lag hy.